## 27 Mei — Daniël 1:1-21

### *God regeer selfs in die mees hopelose situasie*

Groot probleme vra groot oplossing. Daarom was daar oënskynlik vir Daniël en sy vriende geen oplossing nie. Hulle is deur die magtigste koning weggevoer, en dus was hulle uitgelewer aan Nebukadneser en sy mag. Nebukadneser sou verder nog onder indruk wees dat die god wat hy aanbid het, sterker was as die God van Israel. As bewys daarvoor sou hy die tempelgereedskap uit Jerusalem in sy god in Sinar se tempel kon aanvoer? As die God van Israel in staat was om te keer dat die tempelgereedskap weggevoer word, sou Hy dit mos doen!

Uit die geskiedenis wat in Hoofstuk 1 van Daniël vir ons vertel word, besef 'n mens egter dat God se mag of onmag nie in 'n tempel geleë is nie, maar dat Hy oral regeer. Toe die proefneming op Daniël se versoek gemaak word dat hulle net groente en water eet en nie die kos van die koning nie, laat God daardie proefneming slaag en gee Hy op die koop toe ook verstand, insig en wysheid aan Daniël en sy vriende. So word die onbeperkte heerskappy van die Here duidelik uit iets so onbeduidend soos groente en water.

God se redding kom in Christus ook nie deur 'n indrukwekkende oorlog nie, maar deur 'n onaanskoulike kruis wat vir die wêreld na onsin lyk (1 Kor. 1).

Ons moet dikwels nie na die opspraakwekkende dinge in die lewe kyk om God se regering en sorg raak te sien nie, maar ook na die onindrukwekkende. Dinge so oënskynlik onbeduidend soos om te sit en op te staan (Ps. 139:2).

Sing: Psalm 46:1, 3, 6 — Ds. P.C. van der Walt (Phalaborwa)